# DIE TWEE REKTORE VAN DIE P.U.K. VIR C.H.O.

## 'n Persoonlike Waardering.

### I.

Vir die P.U.K. as inrigting en vir die personeel van die P.U.K. as individue was die skielike heengaan van ons eerste rektor, prof. dr. F. Postma, op 4 November 1950 'n geweldige slag en verlies. Ons het almal gehoop dat ons eerste rektor die heuglike dag van ons selfstandigwording mag belewe. Die Here het anders gewil en ons buig ons eerbiedig vir Sy wilsbesluit. Wat ons nou nog oorbly, is om te probeer begryp en waardeer wat ons eerste rektor vir ons inrigting en vir ons as individue beteken het. Hierdie waardering kry dan ook 'n persoonlike kleur nie terwille van die skrywer nie.



**PROF. DR. F. POSTMA†**

Ek het prof. Postma vir eerste maal gesien in Februarie 1910, toe ek as student aan die Teologiese Skool ingeskryf het vir die „Intermediêre-B.A." Ek het die voorreg gehad om drie jaar lank van prof. Postma onderrig te ontvang in Latyn, Engels en Filosofie en een jaar in Grieks. Sy onderrig in Latyn was hoofsaak, net soos by prof. Kamp dit was in die Letterkunde, al het ek by hom ook Taalkunde en Algemene Geskiedenis geloop en net soos by prof. Duvenage dit was in die Wiskunde, al het ek by hom ook Toegepaste Wiskunde en Fisika geneem. Vanaf 1917 het ek onafgebroke omgang gehad met prof. Postma, eers as tydelike lektor in 1919 vir die Wiskundige en Natuurkundige departement, daarna vanaf 1920 in die Departement Opvoedkunde en vanaf 1925 as voltydse personneellid van die P.U.K. My omgang was innig veral vanaf 1934 toe ek dekaan van die Fakulteit van Opvoedkunde geword het en toe ek af en toe ook moes waarneem in die afwesigheid van beide prof. Postma en prof. J. C. van Rooy. Ek het prof. Postma dus geleer ken as professor, en veral as professor in die klassieke, as rektor en as geleerde, as geestelike vader en as ouere vriend.

Ek het by prof. Postma veral Latyn geleer. Dit was my voorreg gedurende die jare 1911 en 1912 toe ek alleen in die klas was. Onvergeetlik bly in die herinnering sy volkome beheer van die taal, lettere en geskiedenis van die ou Romeine, sy onverbiddelike eis dat ek goed moes lees. Caesar en Cicero moes ek ken, maar dit was veral Terentius wat ek moes lees. In die drie jaar 1910—1912 het hy my so gedril dat hy teen die end van 1912 met my Latynse werke kon lees—en hoe het hy, en miskien ek so verlangs, geniet van Terentius! Prof. Postma kon 'n mens Latyn leér! Hy was 'n kenner van die klassieke soos min ander geleerdes in ons land. Sy doktorsdissertasie het hy in Latyn geskryf. Hy het selfs toe hy as professor afgetree het sy Latyn nooit vergeet nie. Reeds in my studentejare het ek hom, nieteenstaande sy strengheid, en miskien juis daarom, aangeneem as my geestelike vader. Hy het dit gebly dwarsdeur al die jare wat ek lid van sy personeel was.

'n Mens se waardering vir prof. Postma gaan heel in die besonder oor rektor Postma. Vir meer as 25 jaar lank het ek onder hom gedien, en in so'n lang tyd leer 'n mens darem jou baas ken. Ek dink wat 'n mens die meeste in hom as rektor getref het, was sy diens- en offervaardigheid. Al was hy van nature streng, was hy tog nooit hard op of teenoor sy personeel nie. Wat hy van ons verwag het, het hy self gedoen. Hy het verwag dat ons hard en getrou moes doseer,—dit het hy self gedoen. Hy het verwag dat ons moet bly voortstudeer—dit het hy self gedoen. Hy het verwag dat ons alles vir ons inrigting moet oorhê—dit het hy self gehad. Hy het verwag dat ons al ons kragte en tyd aan die P.U.K. moes wy daarin het hy ons self voorgegaan. Hy het verwag dat ons ons vir ons inrigting nie moes skaam nie—daarin was hy altyd vir ons 'n voorbeeld. Hy het hom nie geskaam om vir sy inrigting self te „bedel" nie. Hy was streng maar het tog altyd geduldig en simpatiek geluister na enige een wat van hom raad wou hê. Rustig en saamvoelend kon hy jou die regte weg aanwys. Hy het belang gestel in alles wat ons aangegaan het. Gedurig wou hy weet hoe dit met jou persoonlik en met jou werk gaan. In die 25 jaar het ek nie een insident bygewoon wat maar enigsins sou heenwys na 'n botsing tussen rektor en personeel (of personeellid) nie. Dat die P.U.K. onder sy leiding so kon groei en bloei, moet toegeskryf word aan sy onbegryplike tak en oordeelkundigheid. Iemand het hom eendag—en dit gelukkig in die beste sin van die woorde—genoem „een van die groot diplomate in ons land." Hy het altyd geweet waar die ingang na 'n gebou is! Teen 'n dooie muur sou hy hom nie vasloop nie. So onversetlik as wat sy wil was, so ryp was sy verstand. 'n Man van verstand en stale wilskrag, was hy tog ook 'n man van innige teerheid.

Dit bring my tot 'n waardering van hom as mens teenoor ander mense. Intens was sy belangstelling in almal met wie hy in aanraking gekom het, en hoe kon hy 'n mens nie aanmoedig nie! Toe ek nog onderwyser aan die Hoër Gimnasium in Potchefstroom was, het hy dit nooit nagelaat om my persoonlik aan te moedig om verder te studeer nie. En as ek dan weer in 'n eksamen geslaag het, dan was hy die eerste om my geluk te wens maar ook om te sê: gaan verder. In my dienstyd onder hom het ek heelwat verdriet ondervind: die dood van twee broers, van albei my ouers, van twee broers en susters en die vader van my vrou—en prof. Postma was sonder uitsondering die eerste om met ons gesin te kom simpatiseer. En hoe innig en versterkend was sy deelneming nie! Dit was nooit oppervlakkig nie, maar altyd diep-aangrypend. By siekte was hy die getrouste besoeker: hy was 'n ware krankebesoeker. Toe ek ouderling van ons kerk was, het ek keer op keer ervaar dat siek en sterwende lidmate my vra om „meneer" Postma in te roep. Hoe baie sterwendes het versoek dat hy die begrafnis moet lei! Hy was van geaardheid rustig, selfs ingetoë, maar as 'n mens die voorreg gehad het om by die uiterlike deur te dring, dan het jy 'n innemende mens ontmoet. Toe ek student by hom was, het ek gedink dat hy nooit lag of 'n grapie kan geniet nie. Later het ek gesien dat hy trane kon lag oor selfs 'n klein insidentjie. Hy het selde grappe vertel, maar hy kon 'n goeie grap geniet.

Ten slotte mag ek nie verswyg my waardering vir hom as onderwysman nie. Prof. Postma het ondanks sy druk onderwysbedrywighede nog altyd tyd gevind om aandag aan die onderwys van ons volk te gee. In die geskiedenis van ons C.N.O.-beweging het hy van 1905 tot 1950 'n reuse-aandeel gehad. C.N.O. (laer, middelbare en hoër) het in hom altyd 'n warm medestryder gehad. Hy het die P.U.K. vir C.H.O. van 'n klein begin gevoer tot die vooraand van sy selfstandigheid. Hy het die huidige Hoër Gimnasium gehelp stig in 1907 en was vir meer as 'n kwarteeu voorsitter van sy Beherende Liggaam. Hy was voorsitter van meer skoolkommissies en rade as wat ek hier kan opnoem. Hy het nie net belang gestel in die bestuur van skole nie. Hy het ook self 'n tyd lank onderwys gegee aan die ou Voorbereidende Skool, en later 'n hele aantal skoolboekies vir die onderwys van Latyn geskryf. In Potchefstroom was dit eenvoudig 'n tradisie dat prof. Postma lid (en in die reël voorsitter) van die bestuur van plaaslike skole moet wees. Buite Potchefstroom was hy lid van menige onderwysliggaam, afgevaardigde na onderwyskonferensies, bron van informasie en inspirasie oor allerlei onderwyssake.

En tog ondanks al sy bedrywighede het hy homself as nederige Christen net gesien as 'n onnutte dienskneg van Christus. Vat ons sy

lewe in een woord saam, dan kan dit net wees: 'n nederige dienskneg van Christus!

**2.**

Die Here het ons eerste rektor tot hoër diens geroep. Hy het ons 'n tweede rektor gegee. Prof. J. C. van Rooy was die raadsman van ons eerste rektor vir meer as 30 jaar. En wat 'n wyse raadsman!



**PROF. J. C. VAN ROOY**

Dit verheug ons as personeel om hom te verwelkom as ons nuwe rektor. „Nuwe" bedui egter nie „vreemde" nie. Ons ken hom, hy ken ons! Sy hele lewe was een onafgebroke dienstyd aan die P.U.K. vir C.H.O. Dat hy prof. Postma moes opvolg, was vir ons almal vanselfsprekend. Dat hy die eerste rektor waardig sal en kan opvolg, weet ons almal.

Ons gelukwense aan hom gaan vergesel van 'n bedewens: mag die Here hom vir ons inrigting lank spaar en hom die nodige wysheid en liggaamskragte gee. En dit net om deur sy werk aan ons inrigting die Naam van ons Here groot te maak!

J. CHR. COETZEE.